HOËRSKOOL RANDBURG

*ALGEMENE OUEROMSENDBRIEF NOMMER 5 VAN 2021*

15 Februarie 2021

Geagte Randjie-ouer/voog

# KENNISGEWING VAN NOMINASIE- EN VERKIESINGSVERGADERING VIR DIE BEHEERLIGGAAM VAN HOËRSKOOL RANDBURG OP 15 MAART 2021

Met die huidige omstandighede in die onderwys is ons vanjaar genoodsaak om die Beheerliggaamverkiesing volgens Kovid-19-regulasies te beplan. U betrokkenheid as ouer as deel van ’n Beheerliggaam is sentraal to die effektiewe bestuur van ’n suksesvolle skool. Die Beheerliggaam bepaal die beleid van die skool en beraam planne om die skool te verbeter, daarom is dit belangrik dat alle ouers deel van die verkiesingsproses sal wees. Ouers of wettige voogde van leerders mag lede nomineer en in die verkiesing staan.

Ons beplan vanjaar om ’n voldag verkiesing op ’n elektroniese platform te hou. Verdere detail oor die proses sal aan u gekommunikeer word.

## Hoe word die Beheerliggaam aangestel:

1. Die Beheerliggaam bestaan uit 17 lede: die Hoof van die skool, drie lede van die onderwyspersoneel, een lid van die nie-onderwyspersoneel (admin en algemene assistente) nege ouers van die skool en drie leerders.
2. Die Beheerliggaam mag, indien dit so op ’n Beheerliggaamvergadering besluit word, nog lede vir die Beheerliggaam koöpteer.

Ons nooi ouers met die nodige ervaring en kennis graag uit om dit te oorweeg om op die Beheerliggaam, in die onderstaande portefeuljes, te dien:
Voorsitter
Tesourier
Akademie
Regsadvies
Buitemuurse Aktiwiteite (sport en kultuur)
Bemarking
Tegnologie
Fondsinsameling

Pligte en verantwoordelikhede kan verander na gelang van die behoefte van die skool en Beheerliggaam.

## Registrasie

Indien u ’n wettige ouer/voog van ’n ingeskrewe leerder van Hoërskool Randburg vir 2021 is, is u reeds geregistreer om te stem. Maak asseblief net seker dat alle persoonlike inligting op d6 korrek is, veral u ID-nommer, selfoonnommer en e-posadres.

## Nominasies

1. Nominasievorms sal vanaf 6 tot 9 Maart 2021 tussen 07:30 en 13:00 by ontvangs (me. Riana Janse van Rensburg) beskikbaar wees. Ons versoek egter dat u ons by (011)782 6226 sal skakel, om toegang tot die skool te verkry.
2. Voltooide nominasievorms word by Bennette (sekuriteit) by die hoofingang van die skool ingehandig. Nominasies sluit op 9 Maart om 13:00 en geen laat nominasies word aanvaar nie.
3. Die nominasievorm moet deur die voorsteller, ’n sekondant en die genomineerde voltooi en onderteken word.

Op 10 Maart 2021 sal ’n lys met ’n foto en besonderhede van genomineerde kandidate gepubliseer word. U sal dan ook alle instruksies vir die stemproses ontvang. Proxy-stemme sal ongelukkig nie toegelaat word nie. Indien u nie-elektronies kan stem nie, en wel die geleentheid wil hê om te stem sal die skool u daarmee kan help. Kontak asseblief vir mnr. Knoetze by (011)782 6226 om reëlings te tref.

Die verkiesing vind op 15 Maart 2021 vanaf 07:30 tot 16:00 plaas.

Randjiegroete.

P BOOYSEN: Hoof